Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Renoster in Etosha gestroop

30 June 2021 | Misdaad



1.

0 0 0

Erwin Leuschner

’n Renoster is tussen Saterdagnag en Sondag by die Chudop-watergat naby Namutoni in die Etosha Nasionale Park gestroop.

Volgens die woordvoerder van die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme, mnr. Romeo Muyunda, is beide die renoster se horings verwyder.

“Dit is die eerste renoster wat vanjaar in die park gestroop is. Die renoster is geskiet en die karkas is Sondag ontdek,” het hy gesê.

Die Chudop-watergat is sowat vyf kilometer suidwes van Namutoni geleë.

Volgens Muyunda het beamptes van die ministerie onmiddellik padblokkades opgerig, maar niemand is nog in hegtenis geneem nie.

“Die ondersoek duur voort en ons is op die stropers se spoor.”

Dit is die agste renoster wat die jaar gestroop is. In vergelyking met vorige jare het die getalle afgeneem. In 2020 is 22 renosters en twee olifante gestroop en die jaar voor dit 46 renosters en 13 olifante. In 2018 is 78 renosters en 27 olifante gestroop. - republikein@republikein.com.na